

Die Duisendjarige Vrederyk of Millennium.



Jes 65:25 Die wolf en die lam sal saam wei,
en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en
stof sal die voedsel van die slang wees;
hulle sal geen kwaad doen of verderf
aanrig op my hele heilige berg nie, sê die
HERE.

Die sewende dag van God, ook bekend as die Duisendjarige Vrederyk, die Millennium, of Messiaanse ryk.

Die woord Millennium is saamgestel uit twee Latynse woorde. *Mille* wat **duisend** beteken, en die laaste gedeelte van die woord **bien-nium**. Die term wat die meeste gebruik word vir die duisendjarige vrederyk is dus **Millennium**.

Omdat die terme **Millennialisme** en **Anti-millennialisme** sulke lang woorde is, word voorkeur gegee aan die woorde wat van die Grieks afgelei is, naamlik **Chiliasme en Antichiliasme**.

Chiliasme - glo dat daar 'n letterlike koninkryk van duisend jaar van Jesus en Sy heiliges op die aarde gaan wees aan die einde van die sewe jaar verdrukking. [Die **Chiliaste**.]

Antichiliasme - glo dat dit 'n simboliese getal is van die jare waarin die Here alreeds met sy gestorwe heiliges in die hemel in Sy koninkryk regeer. [Die **Antichiliaste**.]

WANNEER SAL DIE MLENNIUM DAN BEGIN ?

Volgens **Openbaring 20** vind dit plaas nadat die slag van Armageddon verby is, (**Opb 16:16** Die derde wereld oorlog aan die einde van die sewe jaar verdrukkingstydperk van sewe jaar) waar die Antichris en die valse profeet lewend gevang en in die vuurpoel gewerp word. Die hele kronologie van Openbaring wys daarop dat die Millennium begin nadat Christus die antigoddelike magte oorwin het by sy koms en self die wêreldregering oorneem.

Dit begin by die toesluiting van die Satan in die **Abussos** - bodemlose put.

Opb 20:1 En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, **met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.**

Opb 20:2 En hy het die **draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,**

Opb 20:3 en hom in die afgrond Gr= Abussos gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

Vrede kan alleenlik verkry word met Jesus se teenwoordigheid, en die

duiwel se afwesigheid gebind vir 'n duisend jaar in Abussos.

Aan die einde van die duisend jaar word die duiwel 'n kort tydperk uit sy gevangenis ontbind, verlei weer die nasies en kom in opstand teen God. **Opb 20:10** En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier (**Antichris**) en die **valse profeet** is; [Reeds 'n duisend jaar in die poel van vuur] en hulle "**Die onheilige drieling**" sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

2 Pet 3:8 Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat **een dag by die Here** soos **duisend jaar** is en **duisend jaar soos een dag.**

Van die **skepping** af, of vanaf **Adam en Eva**, het **vier duisend jaar** verloop tot by die **Kruisiging**, of **vier dae**. Vanaf die **Kruisiging** tot nou het nog **twee duisend jaar** verloop, of nog **twee dae**. **Gesamentlik**, vanaf die **skepping** tot **nou toe** leef ons **aan die einde** van die **sesde dag van God**, of **ses duisend jaar**. Daar bly dus **een dag**, of **een duisend jaar** oor, ook bekend as die **Sabatsrus**. **Heb 4:11** Laat ons ons dan **beywer** om **in te gaan in dié rus**,

Die doel van die Millennium

1. **Om rebellie op die aarde uit te wis sodat GOD weer die alleen heerser sal wees soos voor die rebellie van Lucifer en Adam.**

1Kor 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy[JESUS] die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy [JESUS] alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

1Kor 15:25 Want Hy[JESUS] moet as koning heers totdat Hy[die Vader] al sy vyande onder sy voete gestel het.

1Kor 15:26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

1Kor 15:27 Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy[die Vader] uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het.

1Kor 15:28 En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die **Seun self Hom onderwerp** aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

2. Om die ewige verbonde wat GOD met Abraham {Gen 12 & 13 & 15 & 17} Isak [Gen 26] Jakob [Gen 28] Dawid [2 Sam 7] en ander [Matt 26:28 / Heb 10:14-29] gesluit het, te vervul.

3. Om Christus en die heiliges te verdedig/regverdig en te wreek. [Ps 2]

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Heb 10:30 Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.

Heb 10:31 Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.

Open 6:9 En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.

Open 6:10 En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?

4. Om Israel te herstel en te verlos van hul vyande en hulle vir ewig die hoof van al die nasies te maak.

Hand 15:16 Daarna sal Ek terugkom en die vervalte hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel,

Mat 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes[Israel] versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Jes 11:12 en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.

5. Om die heiliges van al die eeue te verhoog tot 'n koninklike en priesterlike posisie, na aanleiding van hulle werke.

Open 22:12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te

vergeld soos sy werk sal wees.

Open 5:10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

Kol 3:4 Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid geopenbaar word.

6. Om alle dinge in die hemel en op die aarde onder Christus te verenig.

Efes 1:10 om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig—

7. Om die nasies in regverdigheid te oordeel en die aarde te herstel aan sy regmatige eenaars. [Matt 25:31-46]

Jes 2:4 En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoei-messe; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

8. Om soos oorspronklik beplan, 'n regverdige en ewige regering op aarde te herstel. [Luk 1:32-33]

Open 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

9. Om die honderde profesieë met betrekking tot die regering van die Messias te vervul.

Deut 18:18 'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy [JESUS] sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel.

Jes 7:14 Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.

Jes 9:5 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar,

Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—

Jes 9:6 tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaars sal dit doen.

Sag 11:12 Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. Toe het hulle my [JESUS] loon afgeweeg: dertig sikkels silwer.

10. Om alles te herstel soos dit was voordat sonde op die aarde gekom het. [Open 21 & 22]

2Pet 3:12 julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.

2Pet 3:13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.

Jes 66:22 Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.

Jes 66:23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.

BELOFTE VAN HEIL EN SEËN IN DIE MESSIAANSE TYD DIE PROFEET MIGA 750 v.C.

Miga 4:1 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.

Miga 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Miga 4:3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer

leer om oorlog te voer nie.

Miga 4:4 Maar **hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok** en onder **sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik**; want die **mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek.**

Miga 4:5 Want **al die volke** mag wandel elkeen in die naam van sy god, **maar óns sal wandel in die Naam van die HERE onse God vir ewig en altoos.**

Miga 4:6 In **dié dag**, spreek **die HERE, wil Ek versamel** die wat **kreupel** is, en **bymekaarmaak** wat **verdryf** was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.

Miga 4:7 Dan sal **Ek** die wat **kreupel was**, tot 'n **oorblyfsel maak** en wat **ver verwyder was**, tot 'n **magtige nasie. En die HERE sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid.**

SEËNINGE VAN DIE MILLENNIUM

1. Die Messias verklaar GOD se naam onder sy broeders in die kerk.

Heb 2:12 wanneer Hy sê: Ek sal u Naam aan my broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal Ek U prys;

2. Israel en die heidene sal GOD loof.

Deut 32:43 Jubel, o nasies, oor sy volk, want Hy sal die bloed van sy knegte wreek, en Hy sal wraak oefen op sy teëstanders en versoening doen vir sy land en sy volk.

Psa 22:24 Julle wat die HERE vrees, prys Hom! Al die nakomelinge van Jakob, vereer Hom! Ja, vrees Hom, al die nakomelinge van Israel!

3. Die ellendiges sal nie verag word nie, GOD sal hulle verhoor.

Psa 22:25 Want Hy het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei en sy aangesig vir hom nie verberg nie; maar Hy het gehoor toe dié Hom aangeroep het om hulp.

4. Die Messias sal GOD prys in die vergadering van die Jode en Heidene en Sy geloftes betaal in die teenwoordigheid van die wat GOD vrees.

Psa 22:26 Van U kom my lof in ‘n groot vergadering; ek sal my geloftes betaal in teenwoordigheid van die wat Hom vrees.

5. Die ootmoediges sal eet en versadig word.

Psa 22:27 Die ootmoediges sal eet en versadig word; hulle sal die HERE prys wat na Hom soek; mag julle hart vir ewig lewe!

6. Almal op die aarde sal hulle tot die HERE bekeer en voor SY aangesig aanbid..

Psa 22:28 Al die eindes van die aarde sal daaraan dink en hulle tot die HERE bekeer, en al die geslagte van die nasies sal voor u aangesig aanbid.

7. Daar sal dus ‘n wêreldwye herlewing wees. JOËL 800 v.C.

Joel 2:28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

Joel 2:29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet. (Eerste fase met die uitstorting van die Heilige-Gees, was met die geboorte van die Kerk in die bo-vertrek. Hand 2. Nou die tweede fase met die aanvang van die Millennium.)

Jes 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Sag 8:23 So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van ‘n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is.

8. Al die koninkryke op aarde sal aan CHRISTUS behoort en HY sal oor hulle heers.

Psa 22:29 Want die koninkryk behoort aan die HERE, en Hy heers oor die nasies.

9. Al die hoëlui en rykes sal voor GOD kniel en HOM aanbid.

Psa 22:30 Al die grotes van die aarde sal eet en aanbid; almal wat in die stof neerdaal, sal voor sy aangesig kniel en hy wat sy siel nie in die lewe kan hou nie.

10. Geslag na geslag sal die HERE dien.

Psa 22:31 'n Nageslag sal Hom dien; dit sal vertel word van die HERE aan die volgende geslag.

Psa 22:32 Hulle sal aankom en sy geregtigheid verkondig aan die volk wat gebore word; want Hy het dit gedoen.

Jes 59:21 Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die HERE: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie.

Verskillende punte in verband met die Millennium

1. Dit is die laaste dispensasie van die mens voor die verwydering van die vloek van die sonde.

Open 22:3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.

- (a) Duisendjarige ryk van Christus. [Open 22:2 & 4-7]
- (b) Dispensasie van die volheid van die tye. [Efes 1:10]
- (c) Die dag van die HERE. [Eseg 39:22 / Jes 26:1]
- (d) Die wêreld/eeu wat kom. [Efes 1:21 / Efes 2:7]
- (e) Die Koninkryk van CHRISTUS en van GOD. [Efes 5:5]
- (f) Die Koninkryk van die hemel. [Matt 7:2]
- (g) Die tyd van die herstel van alle dinge. [Hand 3:20-21]
- (h) Die vertroosting van Israel. [Luk 2:25]

2. Satan sal gebind wees. [Open 20:1-10]

Open 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind dui-



send jaar lank,

3. Die koninkryk sal letterlik 'n koningkryk op aarde wees.

DIE KLIP KONINKRYK - JESUS DIE ROTS.

Dan 2:34 U het gekyk totdat daar **sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.** (Die nuwe Wereld Orde "Ideologie" Opb 18 wat fyn gestamp word)

Dan 2:35 Toe is **tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp**, en dit het **soos kaf** geword van die dorsvloer in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; **maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde vul het.**

Dan 2:44 Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die **heerskappy** daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; **dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan—**

Dan 2:45 net soos u gesien het dat **sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het** wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. **Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.**

Daniël het dus reeds 2,600 jaar gelede geprofeteer van die Messiasryk van Jesus, aan die einde van dae.

4. Dit sal 'n teokratiese regering wees. {Alle wette gebaseer volgens God's Woord}

Jes 52:7 Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!

Luk 1:32 Hy sal groot wees en die **Seun van die Allerhoogste genoem word**; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

Luk 1:33 en Hy "JESUS" sal koning wees oor die huis van

Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

5. Christus sal onder God regeer.

Dan 7:13 Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens [JESUS], en Hy het gekom tot by die Oue van dae [GOD die Vader], en hulle het Hom nader gebring voor Hom.

Dan 7:14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

6. Dawid sal oor Israel regeer, onder CHRISTUS.

Jer 30:9 Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek.

Eseg 37:24 En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel.

Hos 3:4 Want die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode.

Hos 3:5 Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae.

7. Die Apostels sal elkeen oor een stam regeer.

Mat 19:28 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.

Luk 22:30 sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.

8. Al die heiliges/kinders van GOD, sal regeer as konings en priesters.

Open 5:10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en

ons sal as konings op die aarde heers.

Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat **onthoof is** oor die getuïenis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk (666 Opb 13:18) op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. **[Martelare -Opb 7:9-17]**

9. Jerusalem sal die hoofstad van die wêreld wees. [Eseg 45 & Jes 14]

Jes 2:2 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.

Jes 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

10. Dit sal 'n wêreldwye koninkryk wees. [Dan 2:44-45]

Open 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

11. Die oordeel van die nasies [tydens die tweede fase van die wederkoms—**Open 19:11**] gaan bepaal watter nasies waardig bevind word om in hierdie koninkryk te wees. **[Matt 25: 31-46]** **'Skaap en Boknasie oordeel'** Die skaap nasies sal waardig bevind word om in die koninkryk in te gaan. Hulle wat die **JOOD** goedgesind was. {Hierdie oordeel is nie n individuele oordeel nie. Naamlik Hemel of Hel nie.}

Mat 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, 'Skaapnasies' sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

12. Al die nasies sal een maal per jaar MOET optrek na Jerusalem om daar te aanbid.

Sag 14:16 En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning,

die HERE van die leërskaar, **en om die huttefees te vier.**

Sag 14:17 En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskaar, te aanbid nie—**hulle sal geen reën kry nie.**

Sag 14:18 En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, **op wie geen reën sal val nie,** dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie.

Sag 14:19 Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie.

13. Die heidense nasies sal gelokaliseer word in die lande wat GOD vir elke nasie en ras gegee het. (Daar sal nie meer oor grense beweeg word nie, daar sal geen vermenging van nasies meer wees nie.)

Deut 32:8 Toe die Allerhoogste aan die nasies ‘n erfdeel gegee het, **toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel** volgens die getal van die kinders van Israel.

Hand 17:26 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, **terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het,**

14. GOD sal aan Israel die hele, oorspronklike beloofde land gee. HY gaan niemand vra nie. Die hele aarde behoort aan HOM en HY gee dit aan wie HY wil. [Eseg 47:13-48:35]

Gen 15:18 Op dié dag het die HERE met Abram ‘n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, **van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier:**

Gen 15:19 die Keniete en Kenissiete en Kadmoniete

Gen 15:20 en Hetiete en Feresiete en Refaïete

Gen 15:21 en Amoriëte en Kanaäniete en Girgasiëte en Jebusiëte.

Gen 17:8 En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, **die hele land Kanaän, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees.**

15. Die toekomstige Millennium Tempel in Jerusalem, sal die belangrikste gebou in die wêreld wees. Eseg 40-47.

Eseg 43:7 En Hy het vir my gesê: Mensekind, **dit is die plek van**

my troon en die plek van my voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van Israel; en die huis van Israel sal my heilige Naam nie meer verontreinig nie, hulle en hulle konings met hulle hoerery en met die lyke van hulle konings, by hulle dood;

16. **‘n Rivier sal onder deur die tempel vloei, en sal in twee takke verdeel.** *Die een tak sal in die Mediterreense-see invloei en die ander een in die Dooie-see. Die waters van die Dooie-see sal genees en dit sal vol visse wees.* [Eseg 47] {Dake's Annotated Reference Bible: Eseg 47; Die minerale rykdom se waarde in die Dooie See word bepaal op, drie keer die waarde van die V.S.A.} Is dan ongeveer 80 km lank; die oppervlakte ongeveer 1020 km; die grootste diepte is byna 398m; maar die oppervlakte lê 395m laer as die oppervlakte v.d. Middellandse see; daardeur is die diepte 793m onder seespieël. Die water het 'n hoë soutgehalte, ongeveer 6 maal soveel as in die oseane. So is die dooie see dan die laagste plek op aarde. Dit word ook beweer dat Sodom en Gomorra die fundamente van die Dooie See is, wat met swael en vuur deur die oordele van God weggesmelt is a.g.v. die sonde van Sodomie {Gay} Gen 18 en 19.

Sag 14:8 En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees.

17. Die Heilige Gees sal uitgestort word op alle vlees.

Joël 2:28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. (800 v.C.)

Joël 2:29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.

Die eerste fase van die uitstorting van die Heilige Gees was dan gewees met die geboorte van die Kerk in die Bovertrek Hand 2.

Die tweede fase sal dan geskied met die aanvang van die Millennium, soos reeds genoem op bladsy 9. Dit word ook genoem die laat reën en sal vooraf gegaan word deur kosmiese tekens.

Joël 2:30 En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare.

Joël 2:31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurligtige dag van die HERE kom.

Mat 24:29 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae [7 jaar antichris regering] sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.

Mat 24:30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, { Die tweede fase van Jesus se koms met Sy Bruid op die Olyfberg Sag 14, om Sy Millenium Koninkryk te kom stig } en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

18. Die hele aarde sal vol wees van die kennis van die HERE.

Jes 11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; **want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek.**

Sag 8:23 So sê die HERE van die leërskaar: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is.

19. Jode sal die sendelinge wees wat die nasies sal evangeliseer.

Jes 40:9 o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!

Jes 66:19 En Ek sal 'n teken onder hulle[Israel] doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, **na die ver kuslande wat my tyding nie gehoor en my heerlikheid nie gesien het nie; en hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig.**

20. Daar sal net een universele/wêreldwye godsdiens wees.

Mal 1:11 Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die HERE van die leërskaar.

Joël 2:32 En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered

word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.

21. Goddelike genesing sal deur almal ondervind word.

Jes 33:24 En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie; aan die mense wat daarin woon, is die skuld vergewe.

Luk 13:32 En Hy [Jesus] het vir hulle gesê: Gaan vertel daardie jakkals: (Herodus) Kyk, **Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre, en op die derde dag is Ek klaar.**

Jesus stuur die Fariseërs met n boodskap na Herodus, en noem hom n **jakkals. (1)** Ek dryf duiwels uit. **(2)** En maak gesond. **(3)** Vandag en môre. Dit is twee profetiese dae, of twee duisend jaar vanaf die Kruisiging {**2 Pet 3:8**} tot nou huidiglik. **(4)** Op die derde dag is EK klaar. Die derde dag vanaf die Kruisiging is die Millennium. Dit sal dus nie meer nodig wees om duiwels uit te dryf nie, want die duiwel is gebind n duisend jaar lank in die afgrond = Gr = Abussos — **Opb 20:1-2. Jes 33:24 (a)** En geen inwoner sal sê ek is siek nie.

Jes 35:4 Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos.

Jes 35:5 Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.

Jes 35:6 Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis

22. Universele vrede sal heers.

Jes 9:5 Want 'n **Kind** is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—

Jes 9:6 tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, **op die troon van Dawid en oor sy koninkryk**, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërs sal dit doen.

Miga 4:3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige

nasies tot in die verte; **en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.**

Miga 4:4 Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaars het dit gespreek.

23. Universele voorspoed sal 'n werklikheid wees.

Jes 65:21 En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:

Jes 65:22 hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.

Jes 65:23 Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur die HERE geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle.

24. Volle reg en geregtigheid sal aan almal uitgemeet word. [GEEN korrupsie. Geen omkoperij en bedrog nie.]

Jes 11:3 En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspraak na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie;

Jes 11:4 maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.

Jes 11:5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.

25. Mense lewens sal onbepaald verleng word.

Jes 65:20 Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; **want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud**, en wie sondig sal honderd jaar oud, deur die vloek getref word.

Sag 8:4 So sê die HERE van die leërskaars: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit—elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae.

26. Die natuur van die diere sal verander word soos voor die sondeval.

Jes 11:6 Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja.

Jes 11:7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;

Jes 11:8 en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk.

Jes 65:25 Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.



VIR DIE DWAALLERINGE WAT BEWEER DAT ONS REEDS IN DIE DUISENDJARIGE VREDERYK LEEF, VRA ONS DIE VOLGENDE:

1. Vers 9 - Is die aarde vandag vol van die kennis van God?
2. Vers 6 - Wei die wolf en die lam vandag saam?
3. Vers 6 - Lê die luiperd en die bokkie vandag saam?
4. Vers 6 - Drywe die klein seuntjie vandag die kalf en die jong leeu?
5. Vers 8 - Wei die koei en die beer vandag saam, en lê hul kleintjies bymekaar?
6. Vers 7 - Eet die leeu vandag strooi soos die os?
7. Vers 8 - Speel die suigeling vandag by die gat van die adder?
8. Vers 8 - Steek die gespeende kind vandag sy hand uit na die kuil van die basilisk?
9. **Openb 20: 1-2** Is die Satan vandag gebind? [Met al die moorde, verkragtings, roof, onsedelikheid aan die orde van die dag ???]

27. Woestyne sal blom.

Jes 35:1 Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing;

Jes 35:2 dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlijkheid van die Libanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel

en Saron; hulle dáár sal sien die heerlikheid van die HERE, die sieraad van onse God.

28. Geregtigheid sal in liefde heers.

Jes 11:5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.

Jes 32:1 Kyk, 'n koning sal regeer in geregtigheid, en die vorste sal heers volgens reg.

Jes 32:2 En elkeen sal wees soos 'n toevlug teen die wind en 'n skuiling teen die stortreën, soos waterstrome in 'n dor streek, soos die skaduwee van 'n swaar rots in 'n land wat versmag.

29. Israel sal die hoof van al die nasies wees onder die Messias.

Deut 28:13 En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen,

Deut 28:14 en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.

30. Die mensdom sal gehoorsaam wees aan Christus, die wette en ook die opgewekte en opgeraapte heiliges.

Open 2:26 En aan hom[heilige] wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, **sal Ek mag oor die nasies gee,**

Open 2:27 en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.

Open 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, **maar hulle sal pries-ters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.**

Die Millennium sal eindig na een kort periode van rebellie met die loslating van die duiwel

Opb 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;

Opb 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier

hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

Opb 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, **en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.**

Opb 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, **is in die poel van vuur en swawel gewerp** waar die dier en die valse profeet is; **en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**

Die finale vernietiging van die rebelle sal plaasvind en dan bly net die heiliges (natuurlikes en opgewektes) in beheer van die ewige perfekte aarde.

31. Die nuwe hemel en die nuwe aarde.

2Pet 3:10 Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, **en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.**

Jes 66:22 Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat **Ek maak**, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.

God skep dus n nuwe Atmosferiese hemel [Bekend as die eerste hemel.] en 'n nuwe aarde.

Jes 66:23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.

DIE BERG VAN VERHEERLIKING— PROFETIESE UITLEG.

Mat 17:1 En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring.

Mat 17:2 En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.

Mat 17:3 En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom.

Mat 17:4 Toe begin Petrus vir Jesus te sê: Here, dit is goed dat ons hier is; as U wil, laat ons hier drie hutte maak: vir U

een en vir Moses een en een vir Elia.

Mat 17:5 Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: **Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!**

Vers 1 (a) En NA SES DAE m.a.w. op die sewende dag. [Duisendjarige vrederyk.] Op die berg saam met Jesus: **Petrus, Jakobus en Johannes verteenwoordig die Joodse bevolking in die Messiasryk.**

Vers 3 "en kyk daar verskyn aan hulle **Moses {Moses was 1,500 v.C. en Elia 900 v.C.} en Elia** in gesprek met **Hom (Jesus)** " **Moses is 'n tipe van die ontslape heiliges, wat uit die grafte opgestaan het. Elia is 'n tipe van die lewende, weggevoerde Heiliges wat saam met Jesus gaan regeer in die sewende dag.**

DIE DERDE DAG, OF DUISEND JAAR, NA DIE KRUISIGING IS OOK BEKEND AS DIE SEWENDE DAG VANAF DIE SKEPPING. { profetiese woord }

- 1. Hos 6:2** Hy sal ons (die Jood) ná twee dae (twee duisend jaar vanaf die Kruisiging) lewend maak, op die derde dag (duisendjarige vrederyk) ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.
- 2. Luk 13:32** En Hy het vir hulle gesê: Gaan vertel daardie jakkals (Herodes): Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre (2 dae, of twee duisend jaar), en op die derde (Duisendjarige vrederyk) dag is Ek klaar. Dan is dit nie meer nodig om duiwels uit te dryf nie, want dan is Lucifer gebind vir 1,000 jaar. [Soos reeds verduidelik op bladsy 17]

Openb 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, Die Messiasryk van Jesus sal net vrede ken, omdat Jesus self sal regeer saam met sy heiliges, en omdat die duiwel gebind is. Indien Lucifer nie gebind is nie, sal daar geen vrede wees nie.

- 3. Profeties: Joh 2:1** En op die derde dag (m.a.w. na die tweede dag) was daar 'n bruilof te Kana in Galiléa..... [die bruilof van Jesus, die bruidegom, met sy bruid, die bloedgewastes, die kerk - Grieks = Eklesia]

Openb 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan **Hom** die heerlijkheid gee, want **die bruilof van die Lam [Jesus]** het gekom en sy vrou [**die kerk**] het haar gereed gemaak.

UITNODIGING VAN JESUS !!!

DIE LAASTE KEER DAT ENIGE ROOFDIER EN ROOFVOËL ENIGE VLEES SAL EET, WANT NET HIERNA (Die slag van Armageddon) IS DIE MESSIAANSERYK.

Openb 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup **die Naam** wat geskrywe is: **Die Koning van die konings en die Here van die here.**

Openb 19:17 En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en **vir al die voëls** gesê wat in die middel van die lug vlieg: **Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,**

Openb 19:18 dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

STATISTIEK; toon dat alle roofvoëls in die **midde-ooste** tot en met **20 jaar gelede** tussen een en twee kuikens per jaar grootgemaak het. **Huidiglik** maak hulle tussen 4 en 6 kuikens per jaar groot vir die **laaste groot feesmaaltyd** net voor die **aanbreek van die Messiaanseryk** van Jesus **Openb 19:17.**

DIE WONDERLIKE EN ONGEKENDE VREDE IN DIE MESSIAANSERYK.

Jes 65:17 Want kyk, Ek skep **nuwe hemele** en 'n **nuwe aarde**, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.

Jes 65:20 Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n **seun sal sterwe honderd jaar oud**, en **wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.**

Jes 65:21 En hulle sal **huise bou en bewoon**, en **wingerde plant en die vrug daarvan eet:**

Jes 65:22 hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk

sal wees soos die dae van die bome, en **my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.**

Jes 65:25 Die **wolf** en die **lam** sal **saam wei**, en die **leeu** sal **strooi eet soos 'n bees**, en **stof sal die voedsel van die slang** wees; **hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig** op my hele heilige berg nie, sê die HERE. {Soos reeds vermeld op bladsy 19}

Jes 11:6 Dan **wei die wolf by die lam**, en die **luiperd gaan lê by die bokkie**, en die **kalf en die jong leeu** en die **vetgemaakte vee bymekaar**, en 'n **klein seuntjie** sal hulle **aanja**.

Jes 11:7 Die **koei en die berin wei**, en hulle **kleintjies lê bymekaar**; en die **leeu eet strooi soos die os**;

Jes 11:8 en die **suigling speel by die gat van 'n adder**, en die **gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basielisk**.

Jes 11:9 Hulle sal **geen kwaad doen of verderf aanrig** op my hele heilige berg nie; **want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE** soos die **waters die seabodem oordek**.

INTEENDEEL!

Openb 12:12 (b)want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

KENMERKE VAN DIE DUISENDJARIGE VREDERYK.

- 1. Openb 20:1** En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met **die sleutel van die afgrond** en 'n **groot ketting** in sy hand.
Openb 20:2 En hy het **die draak gegryp** die ou **slang** wat die **duiwel en die Satan** is en hy het hom **gebind duisend jaar lank**, **Satan sal dus gebind wees vir 'n duisend jaar**.
- 2. Efes 6:12** Want ons worstelstryd is **nie teen vlees en bloed nie**, maar teen die **owerhede**, teen **die magte**, teen die **wêreldheersers van die duisternis** van hierdie eeu, teen die **bose geeste in die lug**.
- 3. Rom 8:18** Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.
Rom 8:19 Want **die skepping** wag met **reikhalsende verlange** op die **openbaarmaking van die kinders van God**.
Rom 8:20 Want **die skepping** is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het
Rom 8:21 **in die hoop** dat ook die **skepping self vrygemaak**

sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. **Die skepping sal dus vrygemaak word.**

4. **Ps 46:10** wat die oorloë laat ophou tot by die einde van die aarde, die boog verbreek en die spies stukkend slaan, die strydwaens met vuur verbrand.

Jes 2:4 En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. {Oorloë sal dus ophou.}

5. **Jes 65:25** Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE. {Wilde- en roofdiere sal dus mak wees.}

6. **Jes 11:6** Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. {Vrede sal dus tussen mens en dier heers.}



7. Daar sal geen leermag, polisiemag of tronke wees nie.

DIE DUISENDJARIGE VREDERYK BIED VEILIGHEID AAN

1. **Eseg 34:25** En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit en die wilde diere uit die land laat verdwyn; en hulle sal veilig bly in die woestyn en slaap in die bosse. {Mense sal in absolute veiligheid woon.}
2. **Sag 14:11** En hulle sal daarin woon, en daar sal geen banvloek meer wees nie, en Jerusalem sal in veiligheid woon. {Jerusalem (Jood) se veiligheid is gewaarborg deur God.}
3. **Sag 3:10** In dié dag, spreek die HERE van die leërskaar, sal julle mekaar uitnooi onder die wingerdstok en onder die vyeboom. Mense sal in veiligheid hul vriende buite kan onthaal. {Ongekende Vrede wat nog nooit was nie}
4. **Miga 4:4** Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaar het dit gespreek. {Mense sal weereens veilig buite kan kuier}

sonder om te vrees vir hul lewens.}

- 5 **Jes 32:17** En die werking van die geregtigheid sal **vrede** wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid **rus en veiligheid** tot in ewigheid. **Algehele vrede, rus en veiligheid sal heers.**

DIE GELOWIGES SAL GEDURENDE DIE DUISENDJARIGE VREDERYK MET CHRISTUS REGEER.

- Openb 20:1** En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.
- Openb 20:2** En hy het **die draak** gegryp **die ou slang** wat **die duivel** en **die Satan** is en hy het hom **gebind duisend jaar lank**,
- Openb 20:3** en **hom in die afgrond gewerp** en **hom toegesluit** en dit **bo hom verseël**, sodat hy die **nasies nie meer sou verlei** totdat die **duisend jaar voleindig is nie**. Daarna moet hy dan 'n **kort tydjie** ontbind word.
- Openb 20:4** En ek het **trone gesien**, en **hulle het daarop gaan sit**, en **aan hulle is die oordeel gegee**; en ek het **die siele** gesien **van die wat onthoof is (Die martelare Opb 7:9-17)** oor die **getuienis van Jesus** en oor die woord van God, en die wat **die dier {antichris}** en **sy beeld nie aanbid het nie**, en die merk op hulle **voorhoof** en op hulle **hand nie ontvang het nie**; ((Opb 13:18 (b) {666} en **hulle het geleef** en **as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank**.
- Openb 20:5** En **die ander dode** het **nie herlewe** totdat die **duisend jaar voleindig was nie**. Dit is die **eerste opstanding**.
- Openb 20:6** Salig en heilig is hy wat **deel het** aan die **eerste opstanding**; oor hulle het die **tweede dood {Die Hel}** **geen mag nie**, maar hulle sal **priesters van God** en **van Christus** wees en sal **saam met Hom** as **konings regeer duisend jaar lank**.
- Openb 20:7** En wanneer die **duisend jaar voleindig is**, sal die **Satan uit sy gevangenis ontbind word**;
1. **Openb 20:6** Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal **priesters van God** en **van Christus** wees en sal **saam met Hom** as **konings regeer duisend jaar lank**.
 - (a) Die gelowiges sal **koningskap** ontvang
 - (b) Die gelowiges sal **priesters van God** en **van Christus** wees.

2. **Mat 19:28** En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, **julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel. Die gelowiges sal Israel oordeel.**

3. **1Kor 6:2** Weet julle nie dat die heiliges **die wêreld sal oordeel nie?** En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?
Die gelowiges sal die wêreld oordeel.

4. **1Kor 6:3** Weet julle nie dat **ons engele sal oordeel nie**, hoeveel te meer die alledaagse dinge?
Die gelowiges sal die engele oordeel.
2 Pet 2:4 Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar hetnie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; {Engele wat hulle eie beginsels nie bewaar het nie, in die dae van Noag— Gen 6}
Judas Vers 6 En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het HY vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; {Gen 6}

5. **2Tim 2:12** As ons verdra, sal ons **met Hom regeer**. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.
Die gelowiges sal met Christus regeer.

6. **Jud 1:14** En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, **die Here het gekom met sy heilige tien duisendtal,**
Jud 1:15 om **gerig te hou oor almal** en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.
Die gelowiges sal met Christus gerig hou.

7. **Openb 2:26** En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, **sal Ek mag oor die nasies gee,**
Openb 2:27 en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.
Die gelowiges sal die nasies met 'n ysterstaf regeer.

8. **Openb 3:21** Aan hom wat oorwin, **sal Ek gee om saam met My te sit op my troon**, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.
Die gelowiges gaan saam met Christus op sy troon sit.
9. **Openb 5:10** en **het ons konings en priesters vir onse God gemaak**, en **ons sal as konings op die aarde heers**.
Dan 7:18 en **die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang**, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid.
Die gelowiges sal as konings oor die aarde heers.

DIE DUIWEL WORD LOSGELAAT AAN DIE EINDE VAN DIE DUSENDJARIGE VREDERYK EN VERLEI WEER DIE BEWONERS VAN DIE AARDE EN WORD VIR EWIG IN DIE HEL GEWERP, WAAR DIE VALSE PROFEET EN DIE ANTICHRIS ALREEDS 'N DUSEND JAAR LANK BRAND.

- Openb 20:7** En wanneer die **duisend jaar** voleindig is, sal die **Satan uit sy gevangenis ontbind word**;
- Openb 20:8** en **hy sal uitgaan om die nasies te verlei** wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, **om hulle te versamel vir die oorlog**; en hulle getal is soos die sand van die see.
- Openb 20:10** En **die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp** waar **die dier en die valse profeet is**; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

DIE GROOT WIT TROON OORDEEL

- Die wit troon oordeel is net vir die sondaar**, en nie vir die gelowige nie, **aan die einde van die duisendjarige vrederyk, waar die sondaar voor God sal verskyn**, sy aanklag sal aanhoor en in die poel van vuur gewerp word saam met Lucifer, die duiwel, wat ook die draak genoem word.
- Openb 20:11** En ek het 'n **groot wit troon** gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.
- Openb 20:12** En ek het **die dode, klein en groot, voor God sien staan**, en **die boeke is geopen**; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. **En die dode is geoordeel na wat in die boeke**

geskryf is, volgens hulle werke. { Daar word in die hemel boek gehou van alle verkeerde dade van die indiwidu, wat voor rekenskap gegee sal moet word by die wittroon oordeel. }

Mat 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.

Openb 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. [Wat in die boek opgeteken staan]

Openb 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

Openb 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

GEBEURE NA DIE MILLENNIUM

1. Satan word losgelaat.

Open 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;

2. Finale neerlaag en lot van Satan.

Open 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

Open 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.

Open 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

3. Tweede Opstanding en Groot Wit Troon oordeel. [Sondaars] Soos bovermeld.

Open 20:11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, vol-

gens hulle werke.

Open 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

Open 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

Open 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

4. 'Grade' van Straf volgens wat in die boeke opgeteken is !

Mat 11:21 Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige daade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het.

Mat 11:22 Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle.

Mat 11:23 En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige daade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe.

Mat 11:24 Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou.

Luk 12:47 En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word;

Luk 12:48 maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal met min slae geslaan word. En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorfloediger eis.

2Pet 2:21 Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is.

Mat 23:14 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang.

Mat 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.

Mat 12:37 Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.

Rom 2:12 Want almal wat sonder wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word;

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel.

5. Die sondaars se straf is ewig in die hel.

Mat 8:12 Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. **Daar sal geween wees en gekners van die tande.**

Luk 3:17 Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring saambring in sy skuur, **maar die kaf met onuitbluslike vuur verbrand.**

Open 14:11 En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier [antichris] en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. {666}

Open 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

Open 21:8 Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars **hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**

6. Herstel van die aarde.

2Pet 3:10 Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

2Pet 3:11 Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? —

2Pet 3:12 julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.

2Pet 3:13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.

7. Die dood word vernietig.

1Kor 15:26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

1Kor 15:55 Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?

8. Alle vyande van Christus word verslaan.

1Kor 15:25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

9. Begin van Christus se ewige Koningskap.

Heb 1:8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;

Open 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: **Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.**

10. Die heiliges word konings en priesters vir ewig.

Dan 7:18 en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid

Open 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

11. Die boom van die lewe sal gegee word aan die opgewekte heiliges.

Open 2:7 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.

Open 22:14 Salig is die wat sy gebooië doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

12. Ontvlugting van die tweede dood. "Die ewige hel"

Open 2:11 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die **tweede dood** geen skade ly nie.

13. Wie oorwin ontvang die oorwinningslone.

Open 2:17 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.

Open 2:28 En Ek sal hom die môrester gee.

Open 3:5 Wie oorwin, **sal beklee word met wit klere**, en **Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie**, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.

Open 3:12 Wie oorwin, **Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie**; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

**Opb 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!
MARANATA!
AMEN-AMEN-AMEN !!**

=====

Bronnelys

Dakes Annotated Reference Bible
Ds W.C. Malan—Duisend jaar! Hoe lank?
Dr Bennie Kleynhans
Clarence Larkin
Dr Lemmer du Plessis

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

DIE DEUR KAN SLEGS, VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ **Psm 38:19(b)** Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar ‘n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook ‘n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. Hand 17:30 God het dan die tye onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

